# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (33/19)

(Volg my op Twitter justchad_cga)

Justin Chadwick 16 Augustus 2019

***"The stupid neither forgive nor forget; the naïve forgive and forget; the wise forgive but do not forget" Thomas Szasz***

## CRI GEÏNTEGREERDE PLAAG- EN SIEKTEBESTUUR WERKSWINKEL 2019

CRI het 'n kennisgewing rakende die werkswinkels versprei wat in Augustus en September 2019 aangebied gaan word. As u 'n sitrus produsent in Suider-Afrika is, kan u dit nie bekostig om nie hierdie werkswinkel by te woon nie. Ingesluit in die agenda is HLB of Asiatiese Vergroening - en ons moet ALLES oor HLB weet. Vir alle sitrusbedrywe regoor die wêreld is HLB die grootste biosekuriteitsbedreiging. Besonderhede is soos volg: **Limpopo 1:** Die Eiland, Letsitele 27 & 28 Augustus 2019; **Limpopo 2:** Loskop Forever Resort, Groblersdal 29 & 30 Augustus 2019; **Mpumalanga:** Kavinga, Nelspruit 3 & 4 September 2019; **Oos-Kaap:** Africanos, Sondagsriviervallei 10 en 11 September 2019; **Wes-Kaap:** Ashanti Estate, Paarl 12 & 13 September 2019. Vir meer inligting kontak Liezl@cri.co.za

## SPOORVERVOER ENIGSTE LEWENSVATBARE ALTERNATIEF VIR DURBAN HAWE SE OPEENHOPING (M Brooke)

Die groeiprojeksies dui daarop dat die noordelike sitrusproduserende streke (KZN, Eswatini, Mpumalanga, Limpopo en Zimbabwe) in die nabye toekoms met 20% gaan groei ('n addisionele 8 000 vragmotor ritte word voorspel). Die uitdagings tans vir die uitvoer van sitrus vanuit die Durban hawe sal waarskynlik vergroot, aangesien die vooruitsigte op die Durban *Container Terminal* (DCT) se prestasie baie somber lyk - gegrond op die huidige produktiwiteitsvooruitsigte wat 'n daling van 13% in die produktiwiteit van skepe en 'n toename van 76% in vragmotor- "staging" tye toon (gemeet teen die produktiwiteit van 2017/18). Uitvoerders het hul kommer uitgespreek oor die knelpunte in die Durban hawe en die invloed op die vrugte se *dwell* tye. Daar is net twee oplossings om die *status quo* reg te stel en toekomstige groei te fasiliteer, uitvoer van sitrus vanaf Maputo-hawe (verwys na volgende week se artikel oor die beste benadering tot uitvoer vanaf Maputo), en vervoer houers met sitrus per spoor van die *hinterland* na hawens vir uitvoer. Verlede week het die eerste ten volle funksionele vragtreine (toegerus met kragopwekkers om die eenhede wat vervoer word van krag te voorsien, 'n *diesel bowser* en *caboose*) van Musina (Musina Intermodal Terminal-MIT) en City Deep na Durban gery. Dit is benewens die bestaande treindienste van Bela-Bela en Tzaneen. Daar is nou ses toegeruste houertreine wat die sitrus [vrugtebedryf] bedien met meer treine in die pyplyn. Die CGA het 'n teiken vir 10 000 houers per seisoen per spoor teen 2022 gestel. Die volgende treindiens wat geïmplementeer sal word, is tussen Maputo en Nelspruit wat op uitvoere na die Verre-Ooste (hoofsaaklik China en Japan), Asië en die Midde-Ooste gerig is. Vir meer inligting rakende spoorvervoer kontak Mitchell Brooke - mitchell@cga.co.za

## BFAP BASELINE LANDBOU VOORUITSIG 2018-2028

Vir diegene wat in die landbou betrokke is, is die BFAP Baseline Studie 'n moet-lees. Hierdie week Woensdag het 'n groot gehoor na aanbiedings oor die studie geluister. Daar is 'n gesegde wat lui dat as jy bruikbare inligting wil hê, moet jy probeer om 'n *one-armed agricultural economist* te vind, want ekonome sê altyd "aan die een kant dit, aan die ander kant dat". Die BFAP-span het 'n baie gebalanseerde projeksie van alle landbousektore vir die volgende tien jaar verskaf, van uitgebreide navorsing na tendense in die verlede en toekomstige voorspellings. Hul slagspreuk *data driven insights* is baie gepas. Laai die volledige verslag af van https://www.bfap.co.za/wp-content/uploads/2019/08/Finale-baseline-2019_FINAL.pdf.

## GEPAK EN VERSKEEP

| Miljoen 15 Kg Kartonne tot einde week 32 | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB/AgriHub** | **2017** | **2018** | **2019** | **2018** | **2019** | **2019** | **2019** | **2018** |
| Pomelo's | 15.1 m | 18 m | 15.3 m | 15.6 m | 13.4 m | 17.1 m | **15.7 m** | 18.8 m |
| Sagte Sitrus | 11.4 m | 13.6 m | 15.2 m | 12.2 m | 12.6 m | 18.3 m | **18.9 m** | 16.2 m |
| Suurlemoene | 17.7 m | 17.3 m | 19.7 m | 16.3 m | 16.1 m | 22 m | 21.9 m | 19.9 m |
| Nawels | 20.1 m | 24.8 m | 21.2 m | 22.5 m | 17.4 m | 26.9 m | **23.2 m** | 26.7 m |
| Valencias | 27.6 m | 23 m | 21.8 m | 15.4 m | 13.9 m | 52.9 m | **47.2 m** | 54.4 m |
| **Totaal** | **91.9 m** | **96.7 m** | **93.2 m** | **82 m** | **73.4 m** | **137.2 m** | **126.9 m** | **136 m** |